

DISTALE BISEPS RUPTUUR

Wat is 'n distale biepsskeur

Dit gebeur wanneer die biepssening wegskeur vanaf sy aanhegting op die radius, 'n been in die voorarm. Die biepssening is verantwoordelik om die handpalm na bo te draai en om die elmboog te flekseer. In teenstelling met die skouer, is daar slegs een aanhegting van die biepssening in die voorarm. Daarom ervaar pasiënte met distale biepsskeure noemenswaardige hoeveelheid verlies aan krag in die rotasie van die voorarm en elmboog fleksie.

Wat veroorsaak 'n distale biepsskeur

Dit word veroorsaak gewoonlik deur skielike oplig van swaar voorwerpe, veral waar die elmboog gebuig word tot 90 grade. Tendinose of verwering van die gedeelte van die spier wat aan die been vasheg kan 'n skeur voorafgaan.

Wat is die simptome van 'n distale biepsskeur

Pasiënt voel gewoonlik 'n klapgevoel in die elmboog gevolg deur erge pyn en swelling oor die voorkant van die elmboog. 'n Kneusing ontstaan oor die laer bo-arm en elmboog. Daar sal 'n onmiddellike verlies aan krag teenwoordig wees. Wanneer die swelling verminder sal 'n deformiteit in die bo-arm sigbaar wees. Omdat die spier onder spanning is sal die sening opgetrek word tot in die bo-arm. Dit ly tot 'n uitgeholde voorkoms van die spier in die onderste gedeelte van die bo-arm en 'n uitgebolde voorkoms in die boonste gedeelte van die bo-arm.

Hoe word distale biepsskeur gediagnoseer

Dit word gediagnoseer met 'n kliniese ondersoek. Teerheid is teenwoordig in die voorarm waar die skeur plaasgevind het. Die bo-arm is geswel en pynlik en die defek is sigbaar in die laer gedeelte van die biepsspier. X-strale is gewoonlik normaal. Sonar of MRI bevestig die skeur.

Hoe word dit behandel

***Nie-operatief**

As gevolg van die noemenswaardige verlies aan krag wat met hierdie skeure geassosieer word, is nie-operatiewe behandeling slegs aanbeveel vir mense wat nie chirurgie kan ondergaan nie.

***Operasie**

Die chirurg maak 'n insnyding net onder die velvou in die elmboog en identifiseer die einde van die geskeurde tendon. Hy sal dit dan afwerk om vars, gesonde weefsel oor te hou waarin hegtings-materiaal geplaas word. Die aanhegtingspunt word dan blootgelê. 'n Holte word in die been gemaak vir herinplanting. Die tendon word dan ingeplant in hierdie holte en word in plek gehou deur 'n metaal knoop of 'n skroef of beide.